# 1 November 2023 - Lesing 164 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die Lig van Ewigheid – 3/10/60

**NO: 7719** In My herken julle **die Lig wat van ewigheid af skyn,** wat tot in die oneindigheid uitstraal en wat ook julle harte wil binnedring sodat dit lig kan word en alle duisternis kan verdwyn. **Ek is dus die Lig van ewigheid af wat neergedaal het na die aarde** wat in duisternis gehul was en daarom vir julle mense 'n onsalige verblyfplek was. Ek het self na die aarde neergedaal en 'n lig in die mense aangesteek. Ek het vir hulle die **goddelike leer van liefde** gebring, waarvan die nakoming hulle verseker insig gegee het. En insig is lig. **Insig is die ken van die suiwere waarheid wat van My uitgaan**.

Ek het die mense die pad gewys om by die lig uit te kom. Ek het hulle die **weg van liefde** gewys, wat onweerlegbaar die wysheid aan mense moes oplewer. **Want die vuur van liefde straal die lig van wysheid uit**. Die "Lig" het na die aarde neergedaal, dus het die "Liefde" na die aarde gekom. **En die Liefde was Ek Self**. Ek Self is die oerbron van die lig en as sodanig sal julle moet leer om My te sien. Julle moet weet dat My wese "liefde" is en daarom ook onbegrensde "wysheid" moet wees, en dat **wie deur My liefde bestraal word, ook in die diepste wysheid gelei word en daarom insig het.**

Daarom kan geen mens dus wetend word, dus tot insig kom, indien die liefde nie vooraf aangesteek was nie. **Want sonder liefde is daar geen wysheid nie**, soos wat daar **sonder vuur geen lig kan wees nie**. En as julle mense dus ryper wil word aan insig, dan sal julle eers julle bes moet doen om ryper te word in die liefde, dus die graad van liefde steeds hoër te laat word, want dan is die lig in julle en verhelder alles wat voorheen nog donker was.

En in gebed moet julle altyd maar vir krag vra. Julle moet vra **vir die versterking van julle wil**, en hierdie versoek sal inderdaad aan julle toegestaan word. Want deur die enige gebed tot My verbind julle julleself met die **Bron van krag, met die Bron van lig en van die liefde.** Julle verbind julleself met Hom Wie aan julle alles kan en wil gee, maar wat self daarvoor gevra wil word, want dan is Sy werksaamheid onbeperk, wanneer julle wil aan Hom behoort.

**Ek kom na julle toe** en steek waarlik die lig van verligting en insig in jou aan. Ek laat julle waarlik nie in duisternis van gees nie, want Ek sal julle krag gee, wat julle nou kan gebruik om in liefde werksaam te wees. En dan sal die lig ook in jou aangesteek word en sal jy insig verkry.

En so sal julle begryp dat die verstand geen kennis kan oplewer wat ooreenstem met die waarheid nie, of dat **julle nie sulke kennis "insig" sal kan noem nie**.

Want insig is wysheid, en wysheid is die kennis uit My, wat lig skenk en geluksaligheid gee. En jy moet slegs daarna streef, **omdat hierdie kennis in die ewigheid oorgeneem word**, omdat dit nie sal vergaan soos die aardse kennis nie. Want dit bepaal vir die mense die rykdom waarmee die siel eendag sal kan werk in die ryk hierna.

**Julle moet verlang na die lig uit My**. Julle moet julle tot die Lig self wend, sodat dit julle kan verlig. Julle moet daarvoor bid en julle sal dit ontvang, want deur gebed bring jy alreeds die verbinding met die ewige Lig tot stand. En dit sal sy strale in jou hart instuur en jou bedink volgens jou verlange. Lig, liefde, waarheid - alles behoort aan My. Alles behoort aan My wese en die een is ondenkbaar sonder die ander.

Maar sodra jy die insig het, sodra julle 'n waarheids-getroue kennis julle eie noem, is die duisternis van die nag deurbreek, waarin julle vir eindelose tye was. Julle het begin aan die terugweg na My. Julle tree weer die lig tegemoet. Julle laat julle deur My bestraal as die "ewige Lig" en julle sal weer julle wese omvorm, terug na die oerwese. Julle sal word wat julle was in die allereerste begin:

**Wesens vol lig wat voortdurend verbonde was met die Oerbron van lig en krag**. Julle sal geluksalig wees en vir ewig so bly. Amein.

Johannes 1

*1 IN die begin was die Woord, en die Woord was by die Elohim, en die **Woord was Elohim**.*

*2 Hy was in die begin by die Elohim.*

*3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.*

*4 In Hom was lewe, en **die lewe was die Lig** van die adam.*

*5 En die **Lig skyn in die Duisternis**, en die Duisternis het Hom nie oorweldig nie.*

*6 Daar was 'n man van Elohim gestuur, wie se naam JeHôWganan was.*

*7 Hy het tot 'n getuienis gekom **om van die Lig te getuig**, sodat almal deur hom sou glo.*

*8 Hy was nie die Lig nie, maar hy moes van die Lig getuig.*

*9 **Die ware Lig wat elke adamiet verlig**, was aan kom in die wêreld. [2 Ezra 2:35]*

*10 Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie.*

*11 Hy het na Sy Eiendom gekom, en Sy Eiendom het Hom nie aangeneem nie.*

*12 Maar soveel van die wat Hom aangeneem het, aan **hulle het Hy mag gegee om kinders van Elohim te word, aan hulle wat in Sy Naam glo;***